

Gereformeerde Kerk Bellville – 26 Maart 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 74:8, 9 (p. 373)

- 8 Hoe lank, o God, sal nog die teenparty / ons smaad en tart? Sal dan in ewighede u Naam beskimp word in sy lasterrede? / Wat toef U nog en trek u hand tersy?
- 9 Strek uit u hand, die regterhand so sterk, / vernietig hul, die skenders van u woning! U is, o God, van ouds af tog my Koning, / U wat op aard' verlossingswonders werk.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 150:1, 2 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëndhede, / om die menigvuldigheid van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 2 Loof God met basuingeklank! / Gee Hom eer, bewys Hom dank!
Loof Hom met die harp en luit! / Loof Hom met die trom en fluit!
Loof Hom met die blye snare! / Al wat klank het – laat dit hoor,
laat dit opklink uit die koor / van 'n juigend-blye skare!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 32:1, 3 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Gebed

Skrifberyming 6-2:3, 4 (Sb 12)

- 3 Die Lam wat hul laat triomfeer / sy bloed het hul gedek as skild en al die pyle afgeweer. / En hul getuig'nis, nooit gestild, dit was hul wapen in die stryd. / Hul het hul lewe as hoogste skat, in mart'laarskap en dure tyd, / tot in die dood nie liefgehad.
- 4 "Kom, jubel dan op hoë toon, / o heemle, sing jul vreugde-psalm!
Laat al wie in die hoogte woon, / sy vertes met hul lied deurgalm!...
Bewoners van die aarde en see, / die duiwel 't op jul neergestort.
En daarom klaag ons oor jul: Wee! / Hy's woedend, want sy tyd is kort."

Skriflesing: Daniël 8

Kernverse: Daniël 8:25-27

En op grond van sy slimheid sal hy met geluk bedrog pleeg, en hy sal groot dinge onderneem in sy hart en baie mense onverwags vernietig, ja, optree teen die Vors van die vorste, maar hy sal sonder toedoen van

mensehand verbreek word. En die gesig van die aande en die môres waarvan gesprek is, dit is waarheid; en jy, hou die gesig geheim, want dit sien op 'n verre toekoms. En ek, Daniël, was gedaan en was dae lank siek; daarna het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen; en ek was verstom oor die gesig, maar niemand het dit gemerk nie.

(Daniël 8:25-27 AFR53)

Tema: Om gelowig te wees in die tyd van die einde

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, mense wat deur die Heilige Gees tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring is, is bevoorregte mense. Deur sy Woord en met die sakramente verseker God dat Hy hulle wat aan Hom behoort nooit sal verlaat of in die steek laat nie. Oor en oor laat Hy hierdie belofte deur die Woord weerklink – Ek is met jou al die dae tot aan die einde van die wêreld. God die Vader het hierdie belofte oor en oor laat hoor in die Ou Testament. En in die Nuwe Testament herhaal Jesus Christus hierdie selfde belofte.

Vir die ware gelowiges is hierdie woorde troosryk veral wanneer hulle hoor wat alles nog in die toekoms gaan gebeur voordat die heel laaste dag aanbreek. Om dus gelowig te wees en te bly in die tyd van die einde, is moontlik omdat God belowe het om sy kinders te beskerm en te bewaar tot die einde toe. En die beloftes wat die Vader maak, is ja en amen in Jesus Christus. Dit wil sê, so waar as wat Jesus Christus gesterf het en opgewek is om nooit weer te sterf nie, so seker sal God ook hierdie belofte aanhoudend deur sy Gees en Woord vir sy kinders waar maak.

Dit is beloftes van die Here soos hierdie een wat aan gelowiges die moed en die oortuiging gee om in die geloof te volhard. Maar gelowiges is steeds swak mense. Alhoewel hulle weet dat die Here se beloftes waar en seker is, gebeur dit tog dat daar 'n rilling teen hulle ruggraat afgaan wanneer hulle van die verskriklike dinge hoor wat die Antichris gaan aanvang. Miskien gebeur dit ook dat gelowiges weens hulle menslike swakheid skrik en ontsteld raak en wonder: Sal ek onder sulke druk en benoudheid kan volhard in die geloof en die Here bly verheerlik?

Broers, susters en kinders, ons herinner onself weer daaraan dat die Here openbarings soos hierdie in Daniël 8 nie gee om sy kinders wanhopig, bang en moedeloos te maak nie. Met hierdie openbaring wil Hy sy kerk laat hoor hoe Hy self die wêreldryke in beroering bring, sodat Hy Homself kan verheerlik en die hele wêreld kan weet dat die kerk nog altyd reg was om God bo alles lief te hê. Met die openbaring van al die verskriklike dinge wat die Antichris gaan aanvang, dryf die Heilige Gees die gelowige om al meer en meer hulle toevlug tot Christus te neem. Alleen in Hom is gelowiges veilig.

In hierdie hoofstuk het die Heilige Gees reeds drie sake duidelik aan ons gemaak. Aan die hand van die geskiedenis van Antiochus Epifanes – die Antichris van die Ou Testament – het ons gehoor hoe dit sal gebeur dat die Antichris so voorspoedig sal wees. Ons het ook gehoor van die voortdurende druk waaronder gelowiges verkeer en dat dit al erger sal word na die wederkoms van Christus toe. En verlede keer het ons verneem hoe die verval in die kerk die opkoms van die Antichris gaan bevoordeel. Daar is nog drie dinge wat die Here ons in hierdie hoofstuk bekendmaak. In ons kernverse hoor ons van die voorspoed van die Antichris, sy skielike vernietiging deur Christus en watter houding die kerk moet inneem in sulke donker dae.

In hierdie uitsig op die eindtyd wat die Here aan Daniël gegee het, sien ons saam met hom

raak met hoeveel gemak die Antichris voorspoedig gaan wees. In ons kernverse sê die Here:

En op grond van sy slimheid sal hy met geluk bedrog pleeg, en hy sal groot dinge onderneem in sy hart en baie mense onverwags vernietig, ja, optree teen die Vors van die vorste. (Daniël 8:25 AFR53)

Aan die een kant sal die Antichris soveel sukses in sy boosheid hê omdat hy sy ryk op die puinhope van die vorige wêreldryke bou. Omdat die wêreld voos en moeg van oorloë sal wees en daar nie meer iemand leiding neem nie, sal hy as iemand met visie erken word. Hy sal toeneem in krag net omdat ander mense hom met agting behandel. En met sy slinksheid sal hy die wêreld se agting vir hom uitbuit.

Aan die ander kant sal die Antichris groot voorspoed geniet met sy bose optrede omdat die kerk wat die waarheid moet verkondig grootliks verswak sal wees weens die afvalligheid in die kerk. Wanneer die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges vaag geword het, het die verswakking van die kerk ingetree. Toe die dissipels Jesus uitgevra het oor die einde van die wêreld het Hy aan hulle afval binne-in die kerk verkondig. Hy het gesê dat die een broer die ander een sal oorlewer om doodgemaak te word. 'n Pa sal selfs sy kind oorlewer en kinders sal teen hulle ouers opstaan (Mark 13:12). Die ware gelowiges sal aan die hand van die ongelowiges en die huigelaars swaar ly.

Maar die Antichris en die wêreld saam met hom sal nie net teen die ware gelowiges optree nie. Hy sal selfs teen die Vors van die vorste optree. Soos wat Antiochus Epifanes enige erediens aan die lewende God verbied het, so sal die Antichris erediens deur gelowiges verbied. Erediens soos wat ons dit nog ken sal nie bestaan nie. Gelowiges sal weer in die geheim in klein groepies bymekaar kom. Die enigste erediens wat gaan bestaan is die aanbidding van die duiwel self. En enigiemand wat gevang word dat hy die lewende God dien, sal oorgegee word in die mag van die bose.

In die visioen het Daniël twee engele met mekaar hoor praat. Een van hulle het 'n tergende vraag gevra: Hoe lank sal dit aanhou? Hoe lank sal die vervolging en die vertrapping van die heiligdom plaasvind? Hoe lank sal gelowiges nie in eredienste bymekaar kan kom nie?

Die antwoord op hierdie vraag klink aanvanklik vreemd. Die engel het geantwoord dat dit twee duisend drie honderd aande en môres sal duur voordat die heiligdom herstel is. In ons kernverse word hierdie tydperk deur die Heilige Gees bevestig:

En die gesig van die aande en die môres waarvan gespreek is, dit is waarheid.
(Daniël 8:26 AFR53)

Nou moet gelowiges verstandig wees en nie angstig begin uitreken hoe lank dit regtig gaan duur nie. Twee duisend drie honderd aande en môres is een duisend een honderd en vyftig dae. Dit is so bietjie meer as drie jaar. Wanneer die Here vir ons hierdie getal dae in Daniël en die boek Openbaring bekend maak, word hierdie getalle altyd simbolies bedoel. Die dae wat die Antichris sy boosheid kan uitvoer is 'n afgeslote geheel. Daar sal nie een aand minder wees nie en daar sal ook nie een môre meer wees nie. Hierdie dae is presies deur die troue Verbondsgod afgemeet en Hy tel hulle een vir een af. En elke dag roep die Gees en die bruid: Kom! En in antwoord sê Jesus self: Ja, Ek kom gou.

En dan skielik sonder enige waarskuwing vooraf, soos 'n dief in die nag, sal die basuin op die twee duisend drie honderdste môre oor die hele wêreld weergalm. En meteens sal Christus die triomferende op die wolke van die hemel verskyn. Sonder die toedoen van 'n mensehand sal die Antichris se mag verbreek word.

Dit is nie 'n opstand wat gelei word deur die kerk wat die heerskappy van die Antichris se mag sal verbreek nie. Sonder die toedoen van 'n mensehand sal die heerskappy van die Antichris gebreek word. Die hand van God wat alles regeer, sal die heerskappy van die Antichris verbreek – dieselfde hand wat teen Belsasar se muur geskryf het: **Getel, getel, geweeg en verdeel.**

Die voorwoord van hierdie skielike verbreking van die Antichris se heerskappy deur Jesus Christus staan geskryf in die geskiedenis van die wêreld. Antiochus Epifanes was op die hoogtepunt van sy mag. Hy wat die diens aan die lewende God gehaat het en die heiligdom verwoes het, is skielik deur 'n onbekende siekte getref en hy het gesterf. God laat nie toe dat Hy aanhoudend gespot word nie. Wanneer die maat van die goddelose sonde vol is, maak die Here self 'n einde daaraan. In die Nuwe Testament het die Heilige Gees vir ons van nog so 'n skielike oordeel oor die haters van die kerk geskryf. Herodes het nog met al sy prag en praal gespog en die mense het hom toegejuig as 'n god. En onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref en hy het gesterf. Dieselfde lot sal die Antichris tref. Die wêreld sal nog sy roem besing en hy sal straal van verwaandheid, dan sal Jesus hom met die asem van sy mond verdelg.

Op daardie laaste dag sal die Here Jesus die diens aan die lewende God herstel. Die nuwe Jerusalem sal uit die hemel neerdaal. En binne-in die stad sal God en sy Seun volmaak geëer en aanbid word deur al die gelowiges uit elke volk, taal en nasie. Hulle sal van die boom van die lewe mag eet en drink uit die fontein van lewende water. God sal hulle God wees en hulle sal sy seuns en dogters wees.

In die nuwe Jerusalem sal daar net plek wees vir mense wat deur die Gees van God nuut en heilig gemaak is – mense in wie die beeld van Christus volmaak herstel is. Wie is hierdie mense? Dit is hulle wat deur die Heilige Gees tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring word op hierdie aarde. Dit is mense wie se lewens nou al gekenmerk word deur 'n lewenshouding soos wat die Here hier aan ons openbaar.

Die eerste kenmerk van hierdie mense hou verband met die opdrag wat Daniël gekry het:

En jy, hou die gesig geheim, want dit sien op 'n verre toekoms .
(Daniël 8:26 AFR53)

Die bedoeling is nie dat Daniël die openbaring moet wegsteek nie, maar dat hy dit sorgvuldig moes bewaar, soos wat 'n mens iets wat baie kosbaar is bewaar. Die rede hoekom Daniël die openbaring sorgvuldig moet bewaar, is omdat daar nog baie dae gaan verloop tot op die laaste dag. Na Daniël sal daar nog baie mense wees wat die Heilige Gees tot bekering en geloof in Christus sal bring. En in hulle dae sal hierdie dinge wat aan Daniël geopenbaar is, plaasvind. Gelei deur die Heilige Gees sal hulle dan kan lees en sien wat hulle in hierdie wêreld te wagte kan wees. Maar belangriker, hulle kan ook lees en verstaan wat hulle van die lewende God te wagte kan wees.

Wat 'n groot genade bewys die Here nie aan gelowiges tot vandag toe nie. Te midde van al die bestryding van die Skrif, bewaar die Here self sy Woord deur sy kerk, sodat sy kerk voortdurend sy stem kan hoor. En wanneer al hierdie afgryselike dinge van die Antichris gebeur, staan die kerk nie verleë nie, want die Here het hulle daarop voorberei. Daarom, geliefde broer en suster, hou vas aan die Woord van die Here. Lees en bewaar dit soos 'n kosbare kleinood. Dit is met hierdie Woord wat die Heilige Gees elke gelowige herinner aan die woorde van Jesus en die vaste beloftes van die Here. Dit is met sy woorde wat Jesus elkeen van die gelowiges by die verlossing wat Hy verwerf het bewaar en beskerm.

Die tweede kenmerk hou verband met dit wat met Daniël gebeur het toe hy hierdie openbaring gehoor het:

En ek, Daniël, was gedaan en was dae lank siek. (Daniël 8:27 AFR53)

Die mense met wie die Here Jesus en die Heilige Gees op pad is na die nuwe Jerusalem luister nie na die Woord van die Here en gaan daarna weer met hulle eie lewens aan asof hulle niks gehoor het nie. Ware gelowiges bly nie onaangeraak deur die Woord van die Here nie. Natuurlik word daar nie van 'n gelowige vereis om dieselfde oor te kom as Daniël nie. Maar wie die Woord van die Here lees en hoor, kan onmoontlik onbeweeglik bly staan.

Die openbaring van die Here het Daniël nie met rus gelaat nie. Hy het so sterk met sy volks-genote meegedeel dat al die swaarkry wat hulle sou oorkom hom nie koud gelaat het nie. Dit is hierdie openbaring wat hom in beweging gebring het om onophoudelik sy rus by God in gebed te soek. Dit is hierdie Woord wat ware gelowiges in beweging bring om daadwerklik na mekaar om te sien en aanhoudend vir mekaar te bid dat die Here hulle in die geloof sal versterk sodat hulle in die oorwinning van Christus oor die bose kan bly lewe.

En die derde kenmerk van die mense in wie die Heilige Gees die beeld van Christus herstel hoor ons in die laaste woorde van Daniël:

Daarna het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen. (Daniël 8:27 AFR53)

Daniël was diep in die hart getref oor wat die Here aan hom geopenbaar het. Die openbaring het hom daartoe gebring om te bid vir die volk van die Here. Maar dit is nie waar dit eindig nie. Daniël het opgestaan en voortgegaan met die werk van die koning. Natuurlik bedoel Daniël die werk wat hy in diens van koning Belsasar van Babilonië moes verrig het. Maar as gelowige dienskneg van die Here het hy eerste in diens gestaan van die ewige Koning – die lewende God. Daarom het hy ook voortgegaan met sy gelowige arbeid.

Vir die kerk van die Here in die laaste dae en in die komende donker dae beteken dit dat elke ware gelowige gaan bly bid dat God se Naam verheerlik mag word, dat sy koninkryk mag kom en dat sy wil mag geskied. Maar daar hou dit ook nie op nie. Werk in diens van die Here gaan hand aan hand met bid. Daarom gaan die gelowiges in die krag van die Here en met die vrymoedigheid wat die Gees aan hulle gee voort om die koninkryk van God en sy wil steeds eerste te soek in hulle daaglikse arbeid. Solank as wat die basuin nog nie weerklink het nie, is daar nog tyd om aan iemand die genade van Jesus Christus te verkondig.

Geliefdes, om gelowig te wees in die tyd van die einde is moontlik omdat God belowe het om sy kerk te bewaar en te beskerm. Hulle is immers mense wat met die bloed van Christus eiendom geword het van God. Kenmerkend van die ware gelowiges in hierdie dae is dat hulle aan die Woord van die Here vashou, hulle daardeur laat lei tot gebed en werk in sy diens. Hulle doen dit volhardend omdat die Heilige Gees hulle oortuig dat die koms van hulle Koning Jesus aan die ander kant van die geweld en smart is wat hulle ly.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.
Buite bly die bose staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!

- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / "Einde van die nag!"
En die Gees en bruid roep uit: / "Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!"

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 1-6:1, 2

- 1 Net aan God behoort die ere, / krag en mag en majesteit.
Hy verlos ons deur ons Here, / Jesus in sy Heerlikheid.
Eer aan Hom nou, kragtig-magtig, / tot in alle ewigheid!
- 2 God kan jul behoed, beveilig, / fors van voet in vastigheid.
Hy sal jou behou en heilig, / vreugdevol in vlekloosheid.
Eer aan Hom nou, kragtig-magtig, / tot in alle ewigheid!

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Maart 2017